

## Hoekom slaan 10 verkenners die bal so mis? (OP45)

Num 13:1-33, 14:6-9

20 Junie 2021

Die afgelope twee weke het ons stilgestaan by die volk wat vanaf Sinai getrek het tot in die Paranwoestyn op die grens van die beloofde land. Ons het gesien hierdie periode is gekenmerk deur drie insidente van opstand: By Tabera het die volk gekla, en die Here het vuur na die kant van die kamp gestuur, by Kibrot-Taäwa het die volk gesmag na vleis, hulle vergryp aan die kwartels en die Here het baie van hulle laat sterf, en by Gaserot het Mirjam en Aäron in opstand gekom teen die gesag van Moses, en die Here het Mirjam met melaatsheid getref.

In Num 13 en 14 lees ons van die volk op die grens van die beloofde land. Uit Num13:26 is dit duidelik hulle is by Kades, in Deut 1:19 word die plek Kades-Barnea genoem. In Num 13:20b lees ons dit was die tyd van die eerste druiwe – kommentatore verduidelik dat dit dus ongeveer Juliemaand moes wees, wat impliseer dat hierdie gebeure ongeveer twee maande nadat die volk van Sinai vertrek het, plaasgevind het.

Die gebeure by Kades-Barnea is bekende gebeure. Terselfdertyd is dit ook baie tragiese gebeure. Ons gaan vandag net stilstaan by die gebeure rakende die verkenning van die land, en veral kyk na die verslae wat gelewer is nadat die verkenners teruggekom het van hulle verkenningstog. Ons begin deur ons geheues te verfris in terme van wat destyds gebeur het.

### Verkenning van die beloofde land (Num 13:1-33)

In vers 1 lees ons dat die Here vir Moses gesê het hy moet manne stuur om die beloofde land te gaan verken. Lees Deut 1:22-23. Hier lees ons dat dit die volk was wat na Moses gekom het met die versoek om verkenners uit te stuur, en dat Moses saamgestem het dat dit 'n goeie idee was. Al met al moet ons dus aflei dat die Here, Moses en die volk saamgestem het dat dit 'n sinvolle ding was om te doen. Daar is al geredeneer dat die uitstuur van die verkenners 'n aanduiding was dat die volk nie volle vertroue in die Here gehad het nie. Dit blyk egter nie die geval te wees nie – want die Here het dan beveel hulle moet dit doen. Wat ons eerder moet raaksien is dat die Here dit wou gebruik om hulle eerste hands te laat sien hoe goed die land is, en hulle dus aan te moedig om dit in besit te gaan neem.

In vers 2-16 lees ons dat Moses 12 manne aangewys het vir hierdie verkenningsrol. Uit elke stam is 'n leier gekies om namens die stam die land te gaan verken. Hierdie 12 leiers is nie dieselfde leiers as waarvan ons al vantevore in Numeri gelees het nie (by die sensusopname en met die bring van die offers). Ons sou kon spekuleer dat hierdie leiers heelwaarskynlik jonger persone was wat instaat was om die tog te voltooi. Hulle moes deur die land trek van die suide tot die noorde – 'n afstand van 'n paar honderd kilometer, en daarna weer terug kom – en dit alles in 'n periode van 40 dae. Die name van hierdie verkenners is grootliks onbekend, behalwe natuurlik vir Kaleb en Josua. Kaleb het die Judastam verteenwoordig, en Josua die Efraimstam. In vers 16 lees ons dat Moses Josua se naam verander het van Hosea, wat “redding” beteken, na Josua, wat “Die Here red” beteken.

In verse 17-20 lees ons wat hulle opdrag was: Hulle moes die land gaan verken, vanaf die suide tot in die noorde. In die proses moes hulle gaan kyk hoe lyk die land. Dit het beteken hulle moes 'n idee gaan vorm van die inwoners van die land – hulle moes gaan kyk of daar baie mense of min mense is, hulle moes ook gaan kyk of hierdie mense sterk of swak is. Verder moes hulle na die stede gaan kyk – is die stede groot en goed versterk, of klein en maklik om in te neem. Hulle moes ook na die grond gaan kyk – is die grond vrugbaar of skraal. Moses het ook vir hulle gevra om van die vrugte van die

land saam te bring, sodat hulle dit as 'n maatstaf kon gebruik om 'n idee te vorm oor hoe vrugbaar die grond is.

In verse 21-25 lees ons van die verkenningstog self. Hulle het deur die hele land getrek – vanaf die Sinwoestyn in die suide tot in die noorde by Regob en Lebo-Hamat. Ons lees spesifiek van wat hulle by Hebron gevind het: Daar het drie Enakiete gewoon: Agimam, Sesai en Talmi, en uit die beskrywing in vers 33 blyk dit dat hierdie Enakiete groot mense was, hulle was reuse. In hulle teenwoordigheid het die verkenners soos sprinkane gevoel. Verder het hulle by Eskolspruit 'n reuse druiwetros afgesny wat hulle saam met ander vrugte teruggebring het sodat Moses en die volk kon sien hoe vrugbaar die land is. Die tros was so groot dat twee mans dit aan 'n stok moes dra. Al met al het die verkenners gedoen wat Moses hulle gevra het om te doen.

In verse 26-33 lees ons dan van die twee verslae wat hierdie 12 verkenners aan Moses en die volk gelewer het. Enersyds was daar die meerderheidsverslag wat van 10 van die verkenners gekom het. In vers 27 rapporteer hulle dat hulle die land verken het waarheen Moses hulle gestuur het. Hulle rapporteer ook dat die land baie vrugbaar is – hulle beskryf dat die land oorloop van melk en heuning, en die vrugte wat hulle saamgebring het ondersteun dit. Ongelukkig is daar in hulle verslag 'n groot “maar” – vers 28 se begin. Hulle rapporteer die stede van die land is versterk. Verder is hulle bekommerd oor die mense van die land: Volgens hulle is die mense van die land sterk (vers 28). Wat hulle veral bekommer, is dat van hierdie inwoners reuse is, veral die Enakiete (vers 33). Boonop is daar baie mense: in die Suidland woon die Amalekiete, in die bergwêreld woon die Hetiete, Jebusiete en Amoriëte, en by die see en langs die Jordaan woon die Kanaäniete (v29)! En op een of ander wyse het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat die land, ten spyte van sy vrugbaarheid, die lewe vir sy inwoners moeilik maak (v32). Hulle aanbeveling is dat die volk nie die land moet gaan inneem nie (vs 31)

Kaleb en Josua het egter 'n ander siening oor die land. In vers 30 is hulle oortuig dat die volk die land kan inneem, en dit ook inderdaad moet doen. In Num 14:7-9 lees ons meer van hulle verslag: Hulle stem saam met die ander 10 verkenners dat die land 'n goeie land is wat oorloop van melk en heuning. Hulle verskil ook blykbaar nie van die ander verslag oor die inwoners van die land nie – dat hulle baie is, dat hulle sterk is of selfs dat hulle reuse is nie. Waar hulle wel van die ander 10 verkenners verskil is dat hulle wel die land kan inneem. En die rede vir hulle optimistiese siening is dat hulle oortuig is die volk saam met die Here is tot baie meer instaat as hierdie verskeidenheid volke in die land saam met hulle gode.

#### Hoekom slaan die 10 verkenners die bal so mis?

Hier is 'n interessante situasie: 12 verkenners gaan verken die land. Al 12 is leiers uit die volk. Al 12 het dieselfde dinge belewe in Egipte, op pad van Egipte tot by Sinai, by Sinai en ook op hulle tog van Sinai tot by Kades Barnea. Al 12 verken dieselfde land op dieselfde verkenningstog. Al 12 besoek dieselfde plekke in die land. Al 12 stem saam oor die fisiese detail van wat hulle gesien het – dis 'n land wat oorloop van melk en heuning, hulle stem selfs ook saam oor die mense wat daar woon. 10 van die 12 sê egter: “Ons kan nie optrek nie”, en 2 sê: “Ons moet beslis optrek”. Hoe is dit moontlik?

Kan ek 'n paar aspekte uitwys wat vir ons 'n aanduiding gee van hoe die 10 verkenners geredeneer het, en wat aanleiding gegee het tot hulle aanbeveling:

- In vers 27 begin hulle hulle verslag aan Moses en die volk met die stelling: “Ons het in die land gekom waarheen u ons gestuur het.” Feitelik is dit korrek – kyk maar na vers 17: “Moses het hulle gestuur om Kanaän te verken”. Ja, Moses het hulle gestuur. Maar daar is baie meer: Moses het hulle gestuur omdat die Here vir Moses gesê het om hulle te stuur.

Trouens, dit gaan baie verder terug – dit gaan terug na ‘n belofte van die Here meer as 600 jaar gelede dat die Here hierdie land aan Sy volk sal gee. Om nou as gekose verkenner hierdie lang beloofde land te gaan verken, terug te kom en jou verslag te begin deur die land net te beskryf as “die land waarheen u (Moses) ons gestuur het” gee al ‘n aanduiding van hoe hulle na die land kyk, dat hulle nie primêr aan die land dink in terme van God se belofte nie.

- In hulle verslag is hulle bekommerd oor die Enakiete wat reuse is. Let op die detail wat vir ons beskryf word in vers 22: Tydens die verkenningstog was hulle onder andere by Hebron, en daar was drie Enakiete – ons kry selfs hulle name: Agimam, Sesai en Talmi. Hoekom word Hebron so pertinent genoem? Lees saam met my die volgende:
  - Gen 13:14-18 – dit was by Hebron wat die Here die eerste keer aan Abram verduidelik het dat Hy hierdie land aan Abram gaan gee
  - Gen 23:19 – dit was by Hebron wat die grot was wat die enigste stuk grond was wat Abraham besit het, en waar hy Sara begrawe het
  - Gen 25:9 – dit was by Hebron wat Abraham begrawe is
  - Gen 35:27-29 – dit was by Hebron wat Isak gewoon en begrawe is
  - Gen 50:13 – Jakob se liggaam is na sy afsterwe in Egipte na Hebron toe gebring en daar begrawe

Die 10 verkenners sien drie fisiese Enakiet reuse by Hebron, i.p.v. dat hulle raaksien Hebron het ‘n spesiale verbintenis met drie ander reuse - hulle drie stamvaders Abraham, Isak en Jakob. Hulle mis dus weereens wat die Here meer as 600 jaar gelede daar belof het en hoe hulle stamvaders almal daar begrawe is. Hulle sien net drie Enakiete!

- Hulle beskryf die land op twee maniere: (1) as die land wat oorloop van melk en heuning, maar ook (2) as die land waar die Amalekiete, Hetiete, Jebusiete, Amoriëte en Kanaäniete woon. Lees Gen 15:18-21 – hoekom is hulle nou skielik verbaas om al hierdie nasies hier te vind, terwyl die Here 600 jaar gelede al gesê dis hierdie volke se land wat Hy vir Abram sal gee? Lees Eks 3:8. Toe die Here vir Moses geroep het om die volk uit Egipte te lei, het die Here die beloofde land op presies hierdie manier beskryf: (1) die land wat oorloop van melk en heuning, en (2) die land waar al hierdie nasies woon. Hoekom is hierdie 10 nou opgewonde oor die melk en die heuning, maar bekommerd oor die ander nasies? Weereens blyk dit hulle wil die melk en heuning hê, maar nie die ander nasies wat uitgeroei moet word nie. Maar dit is nie wat die Here aan hulle belof het nie – vir 600 jaar is dit al duidelik altwee is waar van die land. En vandat Moses geroep is om hulle hier te bring, was dit weereens onderstreep. Hulle het selektief na God se beloftes geluister.
- ‘n Mens wil hierdie 10 verkenners vra: Was julle aan die slaap die afgelope 14 maande? Het julle dan nie gesien hoe die Here julle uit Egipte gelei het nie? Het julle nie gesien hoe die Here die Egiptenare laat verdrink het nie? Het julle nie gesien hoe die Here julle water, manna en kwartels gegee het nie? Het julle nie gesien hoe die Here julle by Refidim die Amalekiete laat verslaan het nie? Het julle nie aan die voet van Sinai gestaan toe die heerlijkheid van die Here verskyn het nie? Het julle nie ‘n paar weke gelede by Kibrot-Taäwa geleer om die versorging van die Here raak te sien nie? Het julle nie agter die wolk/vuurkolom aangetrek tot hier by Kades-Barnea nie? En dit alles oor die laaste 14 maande! Wat meer moes die Here gedoen het om julle te oortuig dat Hy julle ook die land sal kan laat inneem? Maar julle noem Hom nie eers in julle verslag nie! Julle ignoreer Hom net!

Josua en Kaleb se verslag klink heelwat anders: Die Here en ons kan definitief hierdie volke en hulle gode oorwin! Die aspek wat Josua en Kaleb raaksien, is dat dit nie soseer saak maak hoe sterk die volk is, teenoor hoe reusagtig die Enakiete en hoe baie en sterk die ander volke is nie – wat werklik saak maak, is dat die Here die Almagtige God is, en dat hulle gode niks is in vergelyking met Hom nie. Josua en Kaleb is boonop nie naïef as hulle dit sê nie – nee, behalwe dat hulle God se belofte aan Abram behoorlik verstaan, het hulle ook die afgelope 14 maande hulle oë oop gehou en noukeurig elke geleentheid gebruik om raak te sien hoe heerlijk en hoe groot die Here is. Nou is hulle oortuig – die Here kan dit doen, en hulle kan hulle staan, staan! Anders as die 10!

### Implikasies vir ons

Ek wil graag twee implikasies vir ons uitlig:

- Lees Luk 14:25-30. Hier leer Jesus dat daar implikasies is vir enigiemand wat Sy dissipel wil wees. So 'n persoon moet bereid wees om kruis te dra. Jesus verduidelik dat dit by tye moeilik is om Sy dissipel te wees: daar kan van jou verwag word om afstand te moet doen van vader, moeder, vrou, kinders, broers, susters, selfs van jou eie lewe, selfs van al jou besittings (vs 33). En Jesus leer daarom moet jy die koste gaan bereken en besluit of die beloftes wat dissipelskap inhou gunstig opweeg teen die eise van dissipelskap. Soos wanneer iemand eers bereken of hy 'n hele gebou kan bou, voordat hy begin om te bou. As hy dit nie doen nie, kan hy verwag om deur ander gespot te word wanneer hy moet opgee voor die gebou klaar is.

Dink nou aan die 10 verkenners. Hulle het al lank die Here se belofte oor die beloofde land gehad. Hulle moes verwag het om al hierdie ander volke in die beloofde land te vind. Hulle moes al iewers gaan sit en bereken het of hulle bereid is om die stryd vir die beloofde land aan te knoop; of wat hulle verwag van die beloofde land op grond van wat God beloof het, gunstig opweeg met die stryd om die land in te neem. Indien hulle dit gedoen het en besluit het dit is die moeite werd, sou die verkenningstog uiters bemoedigend gewees het, want dit het alles bevestig wat die Here vooruit beloof het. As hulle boonop ook nog al die gebeure oor die laaste 14 maande in ag geneem het in hierdie berekening, sou hulle tot die gevolgtrekking gekom het: Saam met die Here is dit definitief realisties om die land in te neem! Dan sou hulle nie onkant betrap gewees het deur 'n verskeidenheid volke en reuse in die land nie. Dit was Josua en Kaleb se benadering, maar ongelukkig nie die benadering van die 10 ander verkenners nie.

Die vraag is nou of ek en jy al die berekening gedoen het in terme van dissipelskap – beide die koste asook die verwagte uitkoms van dissipelskap. Kan ek jou vra:

- Het jy jou al goed ingegrawe in God se beloftes aan Sy dissipels? Het jy jou al goed ingegrawe in die eise van dissipelskap? Hoe weeg die twee op, volgens jou? Het jy jou al goed ingegrawe in wat God doen sodat jy oortuig is dat Hy by magte is om die beloftes wat Hy aan Sy dispels gee, te kan laat realiseer? Hou jy jou oë oop vir wat besig is om met jou en rondom jou te gebeur? Byvoorbeeld, ons is omtrent netso lank in die covid19 pandemie as wat dit die volk geneem het om van Egipte tot Kades-Barnea te vorder. Die Here se verwagting was dat hulle baie moes leer in daardie tyd. Wat het jy al geleer in die pandemie? Het dit jou vorige berekenings van eise vs beloftes van dissipelskap bevestig, of is dit dalk nodig dat jy dit moet aanpas? As jy vandag verslag moes doen oor hoe die eise van dissipelskap opweeg teen die

belofte van die ewige heerlijkheid, hoe gaan jou verslag lyk? En watter bewyse het jy dat wat jy rapporteer betroubaar is?

- Onthou verder al 12 verkenners was leiers. Alhoewel al 12 leiers dieselfde feite gesien het in die land, was hulle interpretasie van die feite dramaties verskillend. Onthou nou wat leiers se taak is: hulle moet feite neem, dit interpreteer en dan by hulle ondergeskiktes aanbeveel wat volgende gedoen moet word. Dit is 'n groot verantwoordelikheid. Die Bybel is immers duidelik daarvoor dat leiers strenger geoordeel gaan word.

Wie is leiers? Natuurlik is daar formele kerkleiers, soos predikante en ouderlinge. Maar daar is ook ander leiers: Mans is die hoofde van hulle huisgesinne, ouers moet hulle kinders lei, Bybelstudieleiers lei hulle Bybelstudiegroepe, en as jy in 'n pastorale gesprek is met 'n ander persoon in nood, is jy die leier. In 1 Pet 5:2-3 lees ons dat ouderlinge as herders toesig moet hou oor God se kudde en vir hulle 'n voorbeeld moet wees.

As 'n leier moet jy goed onder lê wees om verantwoordelik leiding te kan gee: Jy moet jy goeie insig hê in God se plan, jy moet verstaan waarheen God op pad is, jy moet verstaan waar trek ons op daardie pad, jy moet oortuig wees wie en hoe God is, jy moet weet hoekom jy dit glo, jy moet bewus wees van wat tans in die wêreld gebeur en dit kan belyn met wat God geopenbaar het van Sy plan en Homself. En dan moet jy dit alles gebruik om rigting aan te wys vir die mense wat jy lei. Dit is hoe Josua en Kaleb hulle rol as leiers nagekom het.

Is dit waar van jou in situasies waar jy leiding gee? Is dit waar van jou geestelike leiers?

Ek is oortuig leiers wat altyd net voorspoed verkondig, of wat altyd net bemoedig en vertroos, of wat altyd net besorgd is oor hierdie lewe, is twyfelagtige leiers. Natuurlik is daar plek vir bemoediging en vertroosting, natuurlik is die evangelie ook relevant vir hierdie lewe, maar die harde realiteit is dat ons steeds in 'n sonde gevalle wêreld leef waarin nie een van ons volmaak is nie. Daarom is teregwysing ook nodig. Die feit van die saak is dat God 'n baie hoër doel het as hierdie lewe – en leiers moet dit verstaan en in die lig van die ewigheid gebeure van die dag hanteer. Hulle moet die oë van die kudde oplik sodat hulle na dieselfde einddoel werk as die Here.

Mag die Here ons en ons leiers begenadig om verantwoordelike goeie leiding aan Sy kudde te gee.